HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145
Faks: 041-5813118
E-pos: dfm@telkomsa.net

Veertiende Laan
WALMER
6070

06 Februarie 2008

Geagte Ouers en Voogde

OMSENDBRIEF 1/2008

Dis weer vir my lekker om hierdie eerste brief van 2008 aan u te rig. Welkom aan almal wat nuut by ons aangesluit het. Ons hoop regtig dat u verbintenis met DF 'n baie mooi en verrykende een sal wees. Ons herinner u almal daaraan dat dit ons gebruik is om die eerste Woensdag van elke maand wat binne die skoolkwartale val 'n maandbrief aan u te stuur. Vra tog maar u kinders daarvoor! So probeer ons u op hoogte hou van wat by die skool gebeur.

1. BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE KWARTAAL

Soos per aangehegte lys.

2. PERSONEEL

Ons verwelkom die volgende onderwyser by ons: mnr. A Marais (Afrikaans) en in ons Administratiewe Afdeling, mnr C Scriven (Sport en Bemarking). Ons hoop dat hulle baie gelukkig hier sal wees.

3. EKSAMEN-UITSLAE 2007

Verlede jaar se matriekklas het die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees: met vier Malherbiete onder die eerste 20 (uit ongeveer 69 000 kandidate) het DF weer sy naam as die "Top Akademiese Skool" gestand gedoen. Daar was 16 van hulle wat met 'n A-totaal geslaag het, (17.44%), nl. Roné McFarlane (2de in die Oos-Kaap), Wessel van Wyk (5de), Esther McFarlane (10de), Lizelle Steunenberg (18de), Janita Petzer (27ste), Marelize Dalton (59ste), Tinus van Rooyen (68ste), Larita van Wyk (74ste), Nicky du Toit (94ste), Tiaan Jonker, Johannes Naudé, Darinka Theron, Robert Vermeulen, Jeané Maritz, Donnay Brown, Evan van Rensburg. 105 van die 109 kandidate het geslaag.

Hier volg ook 'n opsomming van die ander grade se uitslae:

	GRAAD 11	*GRAAD 10*	*GRAAD 9*	*GRAAD 8*
Leerders	*122*	*125*	*90*	*118*
{tc \l1 "Leerders	*122*	*125*	*90*	*118}*
% slaag	*96,7%*	*93,6%*	*94,4%*	*96,6%*
A-totale	*10*	*11*	*8*	*13*

	GRAAD 11	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
1.	Dutton, Kristine	Scholtz, Jeanné	Greyling, Annette	De Ridder, Nikki
2.	Rheeder, Amy	Naudé, Willem	Theron, Annika	Raubenheimer, Janien
3.	Ferreira, Ané	Deyzel, Genevéve	Annandale, Amari	Matthee, Talana
4.	Kruger, Anria	Hattingh, Marcelle	Röth, Gerhardus	Buys, Luané

5.	Dippenaar, Diederick	Hauman, Jacomien	Du Toit, Liesbet	Prinsloo, Marinus
6.	Basson, Heinrich	Alberts, Nicola	Smith, Joné	Horn, Jeanroux
7.	Van der Merwe, Jessica	Scholtz, Wilmie	Koen, Ruan	Keller, Marlise
8.	Kriel, Jamie-Lee	Davis, Leonie	Gaybba, Sharlize	Wilken, Tiani
9.	Matthee, Karlien	Petzer, Lindie	Buys, Liaan	Slabbert, Maryna
10.	Scott, Lindy	Gerber, Carien en Kotze, Emma	Knoetze, Karien	Gerber, Aleesha

4. BEHEERLIGGAAM

Prof. Kobus van Wyk wat die skool voortreflik as voorsitter gedien het, het op 31 Desember uitgetree aangesien hul jongste dogter in Matriek was. Dr. Antonie Geyer is deur die Beheerliggaam as voorsitter verkies, mnr Pitout Horn is herkies as onder-voorsitter en mev. Hanna Kotze is gekoöpteer om die vakature te vul. ‘n Tussenverkiesing word op 6 Maart gehou.

5. GELUKWENSINGE

Ons sê ook geluk aan die volgende Malherbiete en hul ouers:

5.1 ***Lenteskool:*** Jeanné Scholtz het die voorreg gehad om deel te neem aan die Kuns-Lenteskool te Ron Belling Galery. Sy was een van ± 40 studente. Dit is gefasiliteer deur twee baie bekende kunstenaars, nl. Prof. Gregory Kerr en Anthony Harris. Jeanné het dan ook die geleentheid gekry om aan die Hoof Uitstalling by die Ron Belling Galery gedurende November/Desember deel te neem.

6. UITSLAE

6.1 ***Skaak:*** Heinrich Basson en Nicola Alberts het in die afgelope vakansie aan die SA Junior Geslote Kampioenskappe in Bloemfontein deelgeneem. Heinrich behaal ‘n 7de plek vir seuns o/18 en Nicola ‘n 5de plek vir dogters o/18.

6.2 ***Krieket Seuns:*** Die o/15 krieketspan het op 23 Januarie teen Grey op ons tuisveld gespeel. DF se beste bouler was Christian Dempers met 3 paaltjies. DF verloor met 51 lopies. Die eerste span speel teen Alex op ons tuisveld en wen met 50 lopies. Wessel Claasen was die beste kolwer. Sean Moir het 4 paaltjies geneem en Ryno van Zyl 3 paaltjies. 30 Januarie: Die o/15 span klop Nico Malan met 14 lopies. Christian Dempers was die beste kolwer met 24 lopies. 2 Februarie: Die Eerstespan verloor teen Grey met 7 paaltjies. 4 Februarie: Die o/14 span verloor teen Grey met 37 lopies. Carl Barnard (40) en Christiaan le Grange (28) het die meeste lopies behaal.

Krieket Dogters: Marizanne Kapp en Heide Felix het in Desember as lede van die OP o/19 span aan die nasionale toernooi in Oudtshoorn deelgeneem. Uit die vier wedstryde het die OP span twee gewen (teen Gauteng-Noord en SWD), en gelykop gespeel teen Sentraal Gauteng. Een is verloor teen WP. Die span het die 3de plek behaal aan die einde van die toernooi. Marizanne is gekies as lid van die SA o/19 span. Die span het teen Griekwas se senior vrouespan gespeel en die wedstryd gewen.

6.3 ***Swem:*** Maryna Slabbert ontvang brons medaljes vir die 50m rugslag en die 200m rugslag.

6.4 ***Padwedloop:*** Garth van Eck het aan die halfmarathon (21.1km) in Jeffreysbaai deelgeneem en ‘n uitstekende tyd van 1:26:56 gehardloop. Reginald Hufkie het aan die 10km stap te Jeffreysbaai deelgeneem en sy tyd was 56:20.

6.5 ***Gholf:*** 28 Januarie: Die A-span verloor teen Grey met 34 punte. Sean Roux is aangewys as die speler van die dag met 22 punte. Die B-span verloor teen Muir I (met 38 punte) en Grey 4 (met 21 punte). Seve Dickason was die beste speler met 18 punte. 4 Februarie: Die A-Span verloor teen Brandwag met 18 punte. Sean Roux met 22 punte en Francois Smith met 21 punte, was DF se beste spelers. Die B-span verloor teen Pearson A (met 40 punte), Brandwag B (met 33 punte), en Muir A (met 8 punte). Riaan Gerber het die beste gevaar met 17 punte.

6.6 ***Tennis Dogters:*** Die 1ste span verloor 0/4 teen St Georges, die 2de span verloor 2/3 teen Victoria Park, die 3de span verloor teen Paul Sauer 2/3 en die 4de span verloor teen Morningside 2/3.

Tennis Seuns: Die 1ste span verloor 2/3 teen Westering, die 2de span verloor 0/5 teen Harvest en die 3de span verloor 2/3 teen Newton.

6.7 ***Kleure-atletiek:***

Die uitslag van ons kleure-atletiekbyeenkoms is:
1. Convix (o/19's, 14 030 punte)
2. Ninjas (o/15's, 12 231 punte)
3. Pirates (o/17's, 11 977 punte)
4. Perdebye (o/16's, 11 407 punte)
5. Dolfyne (o/14's 5 096 punte)

Die Gees-beker is deur die Rooi Pirates gewen, en die uitdaag-aflos deur die Graad 12's.

6.8 ***Interskole - atletiek vs Nico Malan:***

Lutske Doubell ontvang die Junior Victrix Ludorum en Natasha Gerber die Senior Victrix Ludorum.

Die volgende DF atlete het toekennings as die beste atlete gewen; Vinette van der Merwe (o/16 dogters (baan)), Elandré Gouws (beste o/17 seun (veld)), Lutske Doubell (o/15 dogters (baan)), Natasha Gerber (o/19 dogters (baan)).

7. ID DOKUMENTE

Die Departement van Binnelandse Sake gaan op 14 Februarie die skool besoek deur die loop van die dag. Leerders wat vyftien jaar of ouer is, en wat nog nie aansoek gedoen het vir hulle ID-dokumente nie, kan dit dan doen. So ‘n leerder het ‘n gesertifiseerde afskrif van haar/sy geboortesertifikaat en twee klein ID foto’s (of R30 waar die foto’s dan by die skool geneem sal word) nodig.

Leerders wat alreeds aansoek gedoen het, maar nog nie hulle ID-dokument ontvang het nie, moet asseblief hulle name vòòr 7 Februarie vir mej. Jonker gee (meld asseblief jou volle naam, van, datum van aansoek en tydelike identiteitsnommer), sodat die lede van die Departement van Binnelandse Sake dit kan skool toe bring.

Die leerder benodig ‘n ID-dokument om in te skryf vir die Graad 11 en 12 eksamen.

8 **SKOOLGELD**

Skoolgeld vir die jaar beloop R7 020 per kind. Dit is betaalbaar oor 10 maande (1 Februarie tot 1 November). Betaling geskied òf per debietorderstelsel oor 10 maande òf ‘n eenmalige kontant inbetaling voor die einde van Februarie. Indien u die volle bedrag vóór 28 Februarie 2008 vereffen, kry u 10% afslag. Die sluitingsdatum vir aansoeke om verligting van onderriggeld volgens die glyskaal is 28 Februarie. Skakel mev. Burns indien u meer inligting hieromtrent benodig. Indien u enige verskuldigde geld aan die skool direk in ons rekening deponeer, moet u asseblief die deposito-strokie aan mev. Burns faks sodat sy kan sien watter rekening gekrediteer moet word en waarvoor die geld is. Ons bankbesonderhede is: ABSA, tjekrekeningnommer 1640153608, bankkode 630117. Agterstallige rekeninge word ná 90 dae aan die skuldinvorderaars oorhandig.

9. **MA’S WAT OMGEE**

Hierdie groepie kom voorlopig op ‘n Donderdag-oggend om 07:45 in die siekekamer bymekaar. Iemand wat wil aansluit om saam in die gebed vir ons skool in te tree kan Isabel Strydom by 041-3673095 skakel.

10 **MUSIEK**

Ons is baie bevoorreg deurdat een van ons begaafde oud-leerders, Alet-Marie van den Berg, aangebied het om vir Malherbiete musieklesse te kom gee. Alet-Marie is ‘n bekende Franse horing speler, en sy wil ons leerders afrig in koperblaas-instrumente (bv trompet, tromboon, Franse horing). Dit sal ná skool wees en die koste sal afhang van hoe groot die belangstelling is. Leerders hoef nie hul eie instrumente te hê nie, alhoewel dit natuurlik beter sal wees. Belangstellendes kan hul name so gou moontlik vir mev. Steenkamp of by die kantoor kom ingee. Hierdie is ‘n wonderlike kans vir ons kinders!

11. **UITRUIL-STUDENTE**

AFS (American Field Service) het ons skool genader oor die moontlikheid van uitruilstudente. Hulle soek op hierdie stadium huisvesting vir drie studente (twee Brasiliane en ‘n Duitser, ouderdomme 17 en 16 jaar), vir 10 maande. As u enigsins kans sien om te help, skakel asseblief die skool so gou moontlik.

12. **TEN SLOTTE**

Hartlik dankie aan dié ouers wat ons al weer vroeg in die jaar kon inspan om hulp te gee, bv. by die kleure-atletiek en by die VCSV kamp.

Baie dankie vir u aandag

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF